
Naam: ____________________________________________

# Luister en Praat

## ’n Drama

Luister aandagtig terwyl jou onderwyser die toneelstuk voorlees.
Bespreek dan die vrae wat volg.



**Agtergrond:** Scott is opgewonde, want die klas gaan op ŉ toer na die Nasionale Krugerwildtuin. Hy lê en dink aan die vyf dae wat hy nie skool toe hoef te gaan nie. Hy droom...

**Karakters:** Andile, Nomsa, Juan, Ansie, Scott – hy lê eenkant op die verhoog op ŉ bed.

**Toneel:** Speel af langs die vuur in ŉ kampeerplek. Hulle is die enigste mense.

© e-classroom

**Juan:** Oukei, julle. Ek weet presies hoe om ŉ vuur aan die brand te hou.

**Andile:** Dis ŉ goeie ding. Ek wonder waar die res van ons klas is.

**Ansie:** Ek is honger. Ons het nie kos nie!

**Nomsa:** Toemaar, Ans. Ons moet net vasbyt. Meneer Barnard en die ander sal ons kom soek.

**Juan:** Bring nog ŉ tak, Nomsa. Dis reg.

**(Hulle sit rondom Juan se vuur.)**

**Ansie:** Dit sou perfek gewees het as ons malvalekkers gehad het om te braai.

**Andile:** Ek het sjokolade oor van middagete.

**(Hy deel die sjokolade met die ander.)**

**Nomsa:** Wat was dit?

**Ansie:** Het jy iets gehoor?

**Nomsa:** *(sit haar vinger op haar mond)* sjuut...

**(Klank van Juan wat kou.)**

**Andile:** Dis seker net...



**(Die volgende oomblik is daar 'n harde slag. 'n Swart ding beweeg stadig verby 'n boom naby hulle. Hulle skrik hulle boeglam en staan versteen.)**




**Juan:** Ek kan nie sien wat dit is nie.

**Andile:** Dit lyk soos 'n olifant.

**Ansie:** Ag nee!

**Nomsa:** Bly stil en kyk!



**('n Groot olifant staan en breek takke van 'n jong boom af. Hy steur hom glad nie aan die kinders nie. Daar is 'n heining tussen hulle en die dier. Toe hoor hulle stemme. Die volgende oomblik kom twee figure uit die donkerte. Dis Meneer Barnard en 'n wildbewaarder.)**

**Ansie:** Dankie tog!

**Nomsa:** Ek het gesê Meneer-hulle sal kom.

**Andile:** Die olifant steur hom nie aan ons nie.

**Juan:** Ek kan dit nie glo nie.

**Wildbewaarder:** Hy kan julle nie ruik nie, want die wind waai na julle toe en die heining is ook in sy pad. Julle is net gelukkig. 'n Mens moet maar altyd baie versigtig wees.

## VRAE:

1. Noem die karakters in die toneelstuk.

______________________________________________

2. Waar speel die toneelstuk af?

______________________________________________



3. Watter karakter(s) in die drama is opgewonde en hoekom?

______________________________________________

______________________________________________

4. Watter geluid het die karakters gehoor?

______________________________________________

5. Hoe het die karakters gereageer toe hulle die geluid gehoor het?


______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



6. Wat was die 'swart ding" wat stadig verby beweeg het?

______________________________________________

7. Hoekom steur die groot dier hom nie aan hulle nie?

______________________________________________

______________________________________________

8. Wat dink jy sou gebeur het as die dier hulle kon ruik?



______________________________________________

______________________________________________

9. Noem die twee figure wat uit die donkerte kom.

______________________________________________


10. Hoekom dink jy moet hulle nog steeds versigtig wees?

______________________________________________

© e-classroom

## Opdrag

Werk in groepe van vyf, kies ŉ rol en lees die toneelstuk hardop vir mekaar tot julle dit goed ken. Voer die drama voor die klas deur die gepaste rekwisiete te gebruik om die ideale ruimte vir die toneelstuk op te skep.



## Sleutelwoorde

| | |
|---|---|
| **honger:** | wil iets eet (hungry) |
| **tak:** | deel van ŉ boom (branch) |
| **malvalekkers:** | pienk en wit lekkers (marshmallows) |
| **skrik jou boeglam:** | skrik baie groot (got a big fright) |
| **staan versteen:** | staan doodstil, beweeg glad nie (stands like a statue) |
| **heining:** | ŉ draad om diere of mense binne te hou (fence) |
| **wildbewaarder:** | iemand wat wilde diere oppas (game ranger) |

